

DIE GEHEIM VAN GEBEDE BEANTWOORD

Anatoli Levitin, ‘n Russiese skrywer en historikus, het jare in die Siberiese Gulag deurgebring waar dit gelyk het of petisies aan God blykbaar aan die grond vasgepies het. Maar hy het geestelik heeltemal fiks teruggekom. “Die grootste wonderwerk van alles is gebed,” het hy geskryf. “Ek hoef my slegs verstandelik tot God te wend, en onmiddellik voel ek ‘n krag wat van êrens in my instroom, in my siel, in my hele wese in. Wat is dit? Waar sou ek, ‘n onbelangrike ou man, en moeg van die lewe, hierdie krag vandaan kry wat my hernuwe en my red, wat my verhef bo die aarde? Dit kom van buite myself – en daar is geen krag in die wêreld wat dit ooit kan weerstaan nie.”

In hierdie gids sal ons sien hoe gebed ons kan help om ‘n sterker verhouding met God en ‘n kragtige Christelike lewe te bou.

1. GESPREK MET GOD

Hoe kan ons seker wees dat God ons hoor wanneer ons bid?

“Dan sal julle My aanroep en heengaan en TOT MY BID, en EK SAL NA JULLE LUISTER. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.” – Jeremia 29:12, 13.
(Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes uit die ONTDEK gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Watter versekering het Jesus gegee dat Hy sal hoor en ons gebede beantwoord?

“En Ek sê vir julle: Bid en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.” – Lukas 11:9.

Gebed is ‘n twee-rigting gesprek. Dit is wat Jesus belowe het:

“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.” – Openbaring 3:20.

Hoe is dit moontlik om te gaan sit en ‘n genotvolle aand met ete en ‘n gesprek met Christus te hê? Eerstens, deur vir Hom in gebed alles te vertel wat ons op die hart het. Tweedens, deur aandagtig te luister. As ons mediteer in gebed, kan God direk met ons praat. En as ons die Woord van God biddend lees, sal God tot ons deur sy bladsye praat.

Gebed kan ‘n lewenswyse vir die Christen word.

“BID SONDER OPHOU. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.” 1 Thessalonicense 5:17, 18.

Hoe kan ons *bid sonder ophou*? Moet ons die hele tyd op ons knieë bly of aanhoudend lofprijsing of versoeke herhaal? Natuurlik nie. Maar ons moet so naby aan Jesus lewe dat ons vry sal voel om enige tyd, enige plek met Hom te praat.

“In die besige strate, te midde van sake aangeleenthede, kan ons ‘n versoek opstuur na God en pleit vir goddelike leiding. ... Ons moet die deur van die hart voortdurend ophou en ons uitnodiging omhoog rig dat Jesus mag inkom en as ‘n hemelse gas in die siel kom woon.” – *Skrede na Christus*, bl. 99.

Een van die beste maniere om hierdie intieme verhouding te ontwikkel is om te leer om te mediteer (of bepeins) wanneer ons bid.

“Mag my oordenking Hom welgevallig wees: ek sal bly wees in die Here!” – Psalm 104:34.

Moenie net deur ‘n lys van versoeke jaag wanneer jy bid nie. Wag. Luister. ‘n Rukkie biddende bepeinsing (oordenking) kan jou verhouding met God grootliks verryk.

“Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.” – Jakobus 4:8.

Hoe nader ons aan Jesus kom, hoe meer sal ons Sy teenwoordigheid ervaar. Bly dus binne praat afstand van Jesus, en moenie bekommerd wees om die regte woorde te sê nie. Praat net eerlik en openlik. Praat oor alles. Hy het deur die pyn van die dood self gegaan om jou Naaste Vriend te word.

2. HOE OM TE BID

Wanneer ons toetree tot gebed, kan ons miskien so voel om die riglyne van die *Onse Vader* te volg. Dit is ‘n model gebed wat Jesus vir Sy dissipels geleer het in antwoord op hulle vraag: “Leer ons om te bid.”

“Onse Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.” – Mattheus 6:9-13.

Volgens die voorbeeld wat Jesus in Sy gebed gegee het, moet ons God nader as ons Hemelse Vader. Vra dat Sy wil in ons harte sal heers, net soos Sy wil ook in die hemel heers. Ons versoek Hom vir ons fisieke behoeftes, vir vergifnis, en vir ‘n vergewensgesinde houding. Onthou dat ons vermoë om sonde te kan weerstaan van God kom. Christus se gebed eindig met ‘n lof betuiging.

Met ‘n ander geleentheid het Jesus aan Sy dissipels gesê om tot die Vader te bid *in My naam* (Johannes 16:23) – dit is, om te bid in harmonie met Jesus se beginsels. Dit is waarom Christene gewoonlik hulle gebede afsluit met die woorde: “In Jesus se naam, Amen.” Amen is ‘n Hebreeuse woord wat beteken *Laat dit so wees*.

Alhoewel die *Onse Vader* riglyne gee oor waarvoor om te bid en hoe om ‘n gebed te formuleer, werk ons kommunikasie met God die beste as ‘n spontane uitdrukking van die hart.

Ons kan oor enigiets bid. God nooi ons om te bid vir die vergifnis van ons sonde (1 Johannes 1:9), vir die vermeerdering van geloof (Markus 9:24), die noodsaaklikhede van die lewe (Mattheus 6:11), genesing van lyding en siekte (Jakobus 5:15), en die uitstorting van die Gees (Sagaria 10:1). Jesus verseker ons dat ons al ons behoeftes en sorges na Hom toe kan neem; niks is te gering om oor te bid nie.

“Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.” – 1 Petrus 5:7.

Ons Heiland stel belang in elke klein besonderheid van ons lewens. Sy hart word warm wanneer ons harte na Hom toe uitreik in liefde in geloof.

3. PRIVATE GEBED

Die meeste van ons het dinge in ons lewens wat ons nie eers maklik met selfs ons beste vriende sal deel nie. Daarom nooi God ons uit om van daardie laste ontslae te raak in privaat gebede: een-tot-een met Hom. Dit is nie dat Hy enige inligting nodig het nie. Die Almagtige ken ons geheime vrese, ons verborge motiewe en weggesteekte griewe beter as wat ons dit self ken. Maar dit is vir ons nodig om ons harte oop te maak tot die Een wat ons intiem ken en wat ons onbeskryflik liefhet. Genesing kan begin wanneer Jesus ons wonde aanraak.

Wanneer ons bid, is Jesus, ons Hoëpriester naby om ons te help:

“Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedighied na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.” – Hebreërs 4:15, 16.

Voel jy bekommerd, gestres, skuldig? Lê dit voor Jesus neer. Hy kan dan in elke behoefte voorsien.

Behoort ons ‘n spesiale plek vir private gebede te hê?

“Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat ... jou (sal) vergelde.” Mattheus 6:6.

Bykomend tot gebede wanneer ons in die straat loop, by die werk is, of ‘n sosiale byeenkoms geniet, behoort elke Christen elke dag ‘n spesifieke tyd opsy te sit vir persoonlike gebed en Bybelstudie. Maak jou daaglikse afspraak met God op ‘n tyd wanneer jy die wakkerste voel en die beste kan konsentreer.

4. GEBED IN DIE OPENBAAR

Om saam met ander te bid skep ‘n spesiale band en nooi God se krag op ‘n spesiale manier in.
“Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.” – Mattheus 18:20.

Een van die wonderlikste dinge wat ons as ‘n gesin kan doen is om te begin om saam te bid. Wys aan jou kinders dat ons wel ons behoeftes direk na Hom toe kan neem. Hulle sal opgewonde word oor God as hulle sien hoe Hy op gebed oor die praktiese dinge van die lewe reageer. Maak huisgodsdienste ‘n gelukkige, ontspanne tyd waar almal deelneem.

5. SEWE GEHEIME VAN BEANTWOORDE GEBEDE

Toe Moses gebid het, het die Rooi See in twee verdeel.

Toe Elia gebid het, het vuur uit die hemel gekom. Toe Daniël gebid het, het ‘n engel die monde van honger leeus toegemaak. Die Bybel wys ons baie opwindende verslae van beantwoorde gebede. En dit beveel gebed aan as die manier om in te skakel by die magtige krag van God. Jesus belowe:

“As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.” – Johannes 14:14.

Tog word nie alle gebede beantwoord nie. Waarom? Hier is sewe beginsels wat jou sal help om meer effektief te bid.

(1) Bly naby aan Christus.

“AS JULLE IN MY BLY en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.” – Johannes 15:7.

Wanneer ons ons verhouding met God ‘n prioriteit maak en met Hom in verbinding bly, sal ons luister en kyk vir antwoorde op ons gebede wat andersins miskien onopgemerk verbygaan.

(2) Hou aan om op God te vertrou.

“En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.”- Matteus 21:22.

Om te glo, of om geloof te besit, beteken dat ons werklik na ons hemelse Vader opsien om in ons behoefte te voorsien. As jy ‘n probleem het omdat jou geloof swak is, onthou dat ons Heiland ‘n wonderwerk verrig het vir ‘n man wat uit desperaatheid gepleit het:

“Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!” – Markus 9:24.

Hou net aan om die geloof wat jy WEL het te beoefen; moenie bekommer oor die geloof wat jy NIE het nie.

(3) Gee jousef kalm oor aan God se wil.

“En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.”- 1 Johannes 5:14.

Onthou dat God ons wil leer, en ook baie dinge vir ons wil gee, deur gebed. Daarom sê Hy soms “Nee”; soms stuur Hy ons in ‘n ander rigting. Gebed is ‘n manier om meer en meer met God se wil in aanraking te kom. Ons moet leer om sensitief te word vir God se antwoorde en daaruit leer. Deur te onthou watter spesifieke versoeke ons gerig het en wat die antwoorde daarop was, help baie daarmee.

Die Heilige Gees sal jou help om op die regte dinge te fokus: “Omdat Hy (die Heilige Gees) ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree” (Romeine 8:27). Onthou dat ons wil altyd sal ooreenstem met God se wil as ons kon sien soos Hy sien.

(4) Wag geduldig op God.

“Ek het die Here lank verwag, en Hy het Hom na my toe neergebuig en my hulpgeroep gehoor.” – Psalm 40:2.

‘n Ander vertaling sê “Ek het geduldig op die Here gewag.”

Die hoofpunt hier is om steeds jou fokus op God te hou, om te fokus op Sy oplossing. En moenie een oomblik vir God se ondersteuning vra en dan die volgende oomblik jou probleme probeer verdrink in plesier nie. Wag geduldig op die Here; ons het dringend daardie dissipline nodig.

(5) Moenie aan enige sonde bly vashou nie.

“As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie.” – Psalm 66:18.

Bewuste sonde word ‘n kortsluiting vir die krag van God in ons lewens, dit veroorsaak skeiding tussen ons en God (Jesaja 59:1-2). Jy kan nie met die een hand aan sonde vashou en met die ander hand uitreik vir goddelike hulp nie. Opregte belydenis en bekering los die probleem op.

As ons *nie gewillig is* om God toe te laat om ons te bevry van slegte gedagtes, woorde en daede nie, sal ons gebede nie effektief wees nie.

“Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.”
– Jakobus 4:3.

God gaan nie ja antwoord op selfsugtige gebede nie.

Hou jou ore oop vir God se wet, Sy wil, en Hy sal Sy ore oophou vir jou versoeke.

“Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is ‘n gruwel.” – Spreuke 28:9.

(6) Voel die behoefte aan God.

God antwoord diegene wat vra vir Sy teenwoordigheid en krag in hulle lewens.

“Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.” – Mattheus 5:6.

(7) Volhard in gebed.

Jesus het vir ons ‘n illustrasie gegee van hoe nodig dit is om te volhard in ons gebede, deur die verhaal te vertel van ‘n baie desperate weduwee wat aangehou het om na die regter toe te gaan. Uiteindelik het die regter uit ergernis gesê: “Tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen.” Toe het Jesus afgesluit: “Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?” (Lukas 18:5-7).

Bespreek al jou behoeftes, jou drome en jou verwagtinge met God. Vra vir spesifieke seëninge, vir hulp in tyd van nood. Hou aan soek en hou aan luister, tot jy iets leer van God se antwoord.

6. ENGELE DIEN DIEGENE WAT BID

Die psalmis het gejuig omdat sy gebede beantwoord is deur die bediening van die engel van die Here:

“Ek het die Here gesoek, en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered. ... Die Engel van die Here trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.” – Psalm 34:5-8.

Wanneer ons bid, stuur God engele om ons gebede te beantwoord (Hebreërs 1:14). Elke Christen het ‘n bewaar-engel wat by hom staan.

“Pas op dat julle nie een van hierdie klein kindertjies verag nie; want Ek sê vir julle dat HULLE ENGELE in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is.” – Mattheus 18:10.

As gevolg van ons gebede:

“Die Here is naby. Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.” – Filippense 4:5-7.

7. DIE CHRISTELIKE LEWENSWANDEL

Die Bybel beskryf ‘n spesifieke Christelike lewenswandel. Volgens Efesiërs 4:22-24, moet die Christen die ou lewenswandel *aflê*, wat veroorsaak is deur “die begeerlikhede van die verleiding”, en hom *beklee* met die nuwe lewenswyse “wat na God geskape is.”

In hierdie Skrifgedeelte en in Gids 6 het ons ontdek dat tydens die wedergeboorte word ons *herskep* om 'n ander soort mens in Christus te wees.

Hierdie gids en die ses gidse wat volg, wil die Christelike lewenswandel ten toon stel; dit wys wat die geheime is van 'n gelukkige Christelike lewe. Dit sal jou help om 'n sterker verhouding met Christus te bou wat 'n spesifieke Christelike lewenswyse tot gevolg sal hê. Vestig dus vandag jou oë op Jesus en jy kan deel wees van daardie finale oorwinnings-feesvieringe wanneer Christus se vrede heers sonder enige uitdagings.